RIGLYNE VIR DIE VOLTOOIING VAN VORM P1 (2012)

"AANSOEK OM TOELATING TOT VOORSLAG"

NB: Gebruik saam met Prospektus.

Dit is uiters belangrik dat die vorm volledig en korrek voltooi word. Om onduidelikhede te voorkom is dit wenslik dat die vorm in drukskrif ingevul of ingetik word.

1. Kommando

Die sertifikate en rapporte wat deur die kinders op die Voorslagkamp verwerf word sal na die adres gestuur word wat u hier invul. Alle navrae wat moontlik mag ontstaan sal gerig word aan die adjunkkommandoleier [Admin], daarom is dit belangrik dat die inligting volledig en korrek verskaf word.

2. Kandidaat

Voltooi volledig. **Alle velde moet ingevul word**. Maak seker dat die kandidaat se van en name korrek gespel is aangesien dié name op die sertifikate gedruk word.

3. Toelatingsvereistes

3.1 Geregistreerde Diensjare

Vul die kandidaat se diensjare van graad een tot graad sewe in. Maak seker dat die kandidaat wel vir die betrokke jaar by die Gebiedskantoor geregistreer was. Kandidate is slegs geregistreer wanneer ledegeld vir die betrokke jaar aan die Gebied oorbetaal is. ***Graad 0 se diensjare tree eers in werking met Voorslag van 2013.***

3.2 Beloftespesialisasie

Vul die naam van die Beloftespesialisasie(s) hier in. Meld in die volgende kolom die plek/instansie wat die spesialisasie aangebied het, asook die datum waarop die spesialisasie aangebied is. Let daarop dat slegs een (maksimum 2) Beloftespesialisasie nodig is. Heg bewyse (sertifikate) aan.

3.3 Gebiedskampe en GG-naweke

Slegs Gebiedskampe en GG-naweke wat in die graad 4, 5, 6 of 7 jaar bygewoon was, kwalifiseer. Voorsiening word gemaak vir 5 Gebiedskampe en 4 GG-naweke. Voltooi elke kandidaat se vorm volgens die kampe en naweke wat hy of sy bygewoon het.

Onthou om alle bywoningsbewyse (afskrif) by die aansoekvorm aan te heg.

3.4 Spesialisasies

Gebruik die prospektus om seker te maak wat die vereiste aantal spesialisasies met gradering is om te kwalifiseer vir Voorslag.

Indien die kandidaat van Gr. 4 tot 7 meer as 12 spesialisasies voltooi het, vul verkieslik die mees onlangs verwerfde spesialisasies in. Indien die spesialisasie in die span of kommando voltooi is, is 'n sertifikaat vanaf die kommando voldoende bewys.

LET WEL: **Geen Beloftespesialisasie word hier ingevul nie, indien meer as twee Belofte spesialisasies gedoen is kan dit hier ingevul word.**

4. Verklaring

Lees die verklaring noukeurig deur en maak seker dat die ouers ingelig is en dat die kandidaat voorbereid is. Die spanoffisier en Kommandoleier of Adjunkkommandoleier (Administrasie) moet die verklaring onderteken. Die Ouer of die Kandidaat moet ook die vorm onderteken, verkieslik die ouer.

5. Gebiedskantoor

Die inligting op die inskrywingsvorm sal deur die gebiedskantoor gekontroleer word.